
Brambles

# Gedragskode

## Bou 'n meer volhoubare toekoms in ooreenstemming met ons Gedeelde Waardes. Werk met integriteit en respek vir ons mense, die voorsieningsketting, ons maatskappy, die omgewing en die gemeenskappe waarin ons werksaam is.

Gewysig: 1 Julie 2025



# ’n Boodskap vanaf die HUB

By Brambles is dit ons doel om mense met die lewe se alledaagse noodsaaklikhede te verbind en ons doen dit deur voorsieningsnetwerke regoor die wêreld van meer veerkragtigheid en vernuwing te voorsien. Ons speel ’n sentrale rol daarin om die wêreldwye beweging van goedere te ondersteun, en dis belangrik dat ons hoë standaarde vir onsself stel en daarna streef om nie net uitstekende resultate te lewer nie, maar om elke handeling en besluit met integriteit en doelgerigtheid te lei.

Ons Gedragskode weerspieël ons waardes en die beginsels wat as ons riglyn dien. Dit stel ons in staat om met deursigtigheid, respek en verantwoordbaarheid op te tree om te verseker dat ons besigheidspraktyke vertroue bou en langdurige waarde vir ons kliënte, vennote en gemeenskap skep.

Elkeen van ons speel ’n uiters belangrike rol in die bevordering van Brambles se reputasie en impak. Deur ons waardes uit te leef en die beginsels van ons Gedragskode te handhaaf, demonstreer ons leierskap en ’n ware verbintenis om te doen wat reg is.

Ek moedig jou aan om jouself vertroud te maak met die Gedragskode en Uitpraatbeleid, en om daaroor te praat as jy gedrag sien of vermoed wat jou bekommer en nie met ons standaarde ooreenstem nie.

Ons kan deur die verbintenis en integriteit van ons mense, gekombineer met die omvang en sterkte van Brambles, voortgaan om nou én in die toekoms ’n betekenisvolle bydrae te lewer en ’n positiewe impak op die natuur, besighede en gemeenskappe te maak.



**Graham Chipchase**
Hoof- Uitvoerende Beampte

**Inhoudsopgawe**


Inleiding 3

Die beskerming van ons mense en ons werkplek 9

Die beskerming van die voorsieningsketting 14

Die beskerming van ons maatskappy en ons aandeelhouers 20

Die beskerming van ons gemeenskappe 25

# Inleiding

- Ons Gedragskode: 'n grondslag vir etiese gedrag
- Is die Kode op my van toepassing?
- Hoe moet ek die Kode gebruik?
- Waar kan ek Brambles se korporatiewe beleide kry?
- Wat gebeur as iemand die standaarde uiteengesit in die Kode verbreek?
- Met wie kan ek praat as ek vrae of vermoedens oor 'n ongerymdheid het?
- Wat gebeur as ek Uitpraat?
- Geen toleransie vir weerwraak nie
- Vir ons gaan dit alles oor etiek en voldoening



# Ons Gedragskode: ’n grondslag vir etiese gedrag

Ons is daartoe verbind om elke liewe dag te doen wat reg is. Dit beteken dat ons besigheid op ’n eerlike en deursigtige wyse doen, in ooreenstemming met ons Gedeelde Waardes en ter voldoening aan alle toepaslike wette, reëls en regulasies en ons maatskappy se beleide, prosedures en riglyne. Dit beteken dat ons met die hoogste integriteit optree en voortdurend deur sterk etiese waardes aangedryf word. Hierdie Gedragskode is een manier waarop ons Gedeelde Waardes by ons besigheid by Brambles inkorporeer. Dit beskryf hoe ons aansluiting vind by ons werknemers, ons kliënte en ons verskaffers, ons belanghebbendes en die gemeenskappe waar ons woon en werk.




## Ons gedeelde waardes

Ons doel is om mense elke dag aan die lewe se noodsaaklikhede te koppel. Ons doen dit deur meer goedere na meer mense toe te verskuif, op meer plekke as enige ander organisasie op aarde, op ons 300 miljoen bates wat voortdurend oor meer as 55 lande aan die beweeg is. Maar hoe ons dit doen, is net so belangrik as wat ons doen

Ons Kode vereis dat elkeen van ons elke liewe dag moet doen wat reg is. Wat reg, billik of volgens vereistes is, is nie altyd ooglopend nie, veral wanneer ons voor besigheidsdruk of botsende prioriteite te staan kom. As jy ’n moeilike situasie ervaar, neem ’n oomblik om ons Gedeelde Waardes te oorweeg.

- **Alle dinge begin met die kliënt.** Ons behandel ons kliënte soos ons self behandel wil word en verwag om behandel te word. Ons luister na hul behoeftes, ons verstaan hul oogmerke en doelwitte, ons lewer ongeëwenaarde waarde en gehalte, ons verlaag koste in die voorsieningsketting en ons verminder afval in die omgewing;
- **Ons het ’n passie vir sukses.** Ons het ’n passie vir uitnemendheid en sukses;
- **Ons is verbind tot veiligheid, diversiteit, mense en spanwerk.** Ons weet dit verg mense met verskillende idees, belangstellings en agtergronde om Brambles te laat slaag, en ons moedig gesonde debatvoering en meningsverskille aan;
- **Ons glo in ’n kultuur van innovering.** Ons wil innovering deurentyd oral sien plaasvind. Moenie bang wees om ’n risiko te neem nie (solank dit eties is, natuurlik), inspireer kreatiwiteit en leer uit die resultate;
- **Ons tree altyd op volgens die reg, eties en met integriteit en respek vir die gemeenskap en die omgewing.** Ons is leiers in volhoubaarheid en die sirkulêre ekonomie. Dit is nie ’n slagspreuk of ’n bemarkingsveldtog nie. Dis ons manier van besigheid doen – ons lewenswyse. Maar ons kan nie Brambles voorhou as ’n wêreldwye omgewings-, maatskaplike en ekonomiese leier as elkeen van ons nie bereid is om op te staan en te doen wat reg is nie, selfs al is dit soms moeilik. Vra jouself af, “Is wat ek doen wettig; is my gedrag eties; tree ek met integriteit op en vertoon ek die moed wat nodig is om ’n beter, meer volhoubare toekoms te bou?”

Vir bykomende insig oor hoe ons Gedeelde Waardes by ons besigheid by Brambles geïnkorporeer word, gaan asseblief Brambles se Beleid oor korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid na.

## Is die Kode op my van toepassing?

Brambles se Gedragskode moet gevolg word deur enigiemand wat vir Brambles werk of wat Brambles verteenwoordig. Dit sluit alle Brambles-direkteure, -beamptes en -werknemers in, en al Brambles se filiale en beheerde filiale, saam met hul direkteure, beamptes en werknemers.

## Hoe moet ek die Kode gebruik?

Die Kode verskaf 'n algemene gedragsraamwerk vir alle Brambles-werknemers, ongeag hul ligging, direkte werkgewer of postitel. Dit vereis dat ons aan alle toepaslike wette, reëls en regulasies voldoen; en aan ons maatskappy se beleide, prosedures en riglyne; en dat ons eerlik, eties en met integriteit optree. Jy moet die Kode deurlees en tyd neem om Brambles se verwagtinge en hoe dié verwagtinge op jou en jou rol van toepassing is, te verstaan. Sou 'n situasie dan voorkom, moet jy die Kode raadpleeg, veral wanneer dit wetlike of etiese risiko's vir jou of Brambles inhou.

Hoewel die Kode deeglik is, is dit nie allesomvattend nie en kan dit nie elke situasie voorsien wat jy kan teëkom nie. Vir bykomende inligting, gaan asseblief die beleide na wat in hierdie Kode aangehaal word, asook die gedetailleerde beleide, prosedures of riglyne wat in ooreenstemming met die plaaslike vereistes deur jou besigheid saamgestel is, of raadpleeg jou bestuurder, enige spanlid van Regsdienste of Menslike Hulpbronne of die Uitpraat-blitslyn vir leiding.

## Wat is ons algemene beginsels van besigheidsintegriteit?

Die Kode beskryf nie elke besigheidspraktyk nie of beantwoord nie elke vraag nie. Wanneer jy ook al onseker is oor wat die regte ding is om te doen, moet jy ons algemene beginsels van besigheidsintegriteit onthou:

- Alle besigheid moet uitgevoer word ingevolge die wette en regulasies van die land of lande waar die besigheid geleë is of dié van ander lande, soos dit van toepassing kan wees;
- Ons ding regverdig mee in die markte waarin ons werksaam is;
- Ons moet veilig werk en die beste bedryfspraktyke toepas op die gesondheid, veiligheid en welstand van ons werknemers, kliënte, verskaffers en die gemeenskappe waarin ons werksaam is;
- Ons moet poog om langtermynvoordele vir Brambles te verseker, eerder as korttermyngewin vir individue ten koste van die organisasie se langtermynbelange;
- Ons geloof in mense en spanwerk vereis samewerking met ons kollegas regoor die Groep om ons korporatiewe doelwitte te bereik;
- Ons woorde en handelinge moet respek toon vir die uiteenlopende groep mense en kulture waarmee ons werk, en vir hul menseregte;
- Korrupte praktyke is onaanvaarbaar. Geen omkoop-, agteraf- of soortgelyke betalings moet aan enige party gebied of gemaak word, of van enige party versoek of aanvaar word nie;
- Alle handelstransaksies sal behoorlik en akkuraat aangeteken word;
- Verkoopsagente, konsultante en soortgelyke adviseurs moet volgens hierdie beginsels aangestel word en betaal word teen 'n koers wat konsekwent met die waarde van hul dienste is;
- Bates en vertroulike inligting moet ten volle beskerm word, volgens Brambles se beleide en prosedures bestuur word, en moet nie vir persoonlike gewin deur werknemers gebruik word nie;
- Data is 'n waardevolle bate en ons is daartoe verbind om dit eties en met die uiterste sorg en verantwoordelikheid te hanteer. Vertroulike inligting en persoonlike data oor Brambles se werknemers, aansoekers, kliënte, verskaffers, aandeelhouers of ander individue moet ter voldoening aan beleide en ingevolge toepaslike wetgewing oor databeskerming verwerk word;
- Werknemers moenie betrokke raak by aktiwiteite wat 'n werklike of potensiële belangebotsing tussen hul persoonlike belange en die belange van Brambles behels of blyk te behels nie;
- Brambles maak nie politieke skenkings nie.

## Waar kan ek Brambles se korporatiewe beleide kry?

Brambles se beleide is op Walter beskikbaar. Beleide wat veral die Gedragskode ondersteun, kan verkry word deur te klik op enige van die skakels wat in die Kode verskyn, deur die "Global Ethics and Compliance Hub" op Walter te besoek of deur 'n gedrukte afskrif by jou fasiliteit of dienssentrum na te gaan. Hierdie beleide bevat bykomende besonderhede oor spesifieke onderwerpe wat deur die Kode gedek word en dek ook ander onderwerpe wat nie in die Kode behandel word nie. Elke Brambles-werknemer is daarvoor verantwoordelik om al Brambles se beleide te ken, te verstaan en na te kom.

## Wat gebeur as iemand die standaarde uiteengesit in die Kode verbreek?

Voldoening aan die Gedragskode is 'n diensvoorwaarde. Versuim om die Kode te volg, kan lei tot regstellende aksie, tot en met ontslag.

## Met wie kan ek praat as ek vrae of vermoedens oor 'n ongerymdheid het?

Vertroue en integriteit is vir Brambles van kardinale belang. Wangedrag en wanpraktyk skend vertroue en plaas ons reputasie en besigheid in gevaar. Die beste manier om vertroue te bewaar, is as werknemers met sterk vermoedens van 'n ongerymdheid weet dat hulle 'n veilige omgewing het waarin hulle sonder vrees van weerwraak of vergelding kan Uitpraat. Hoewel Uitpraat moeilik kan wees, vereis ons Gedeelde Waardes van ons dat ons doen wat reg is, selfs al is die ongemaklik.

Vir meer inligting oor wat om te doen as jy 'n ongerymdheid moet aanmeld, gaan asseblief die Uitpraatbeleid na.



### Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening

Daar is ingevolge ons Uitpraatbeleid verskeie maniere om 'n ongerymdheid aan te meld. Jy kan kontak maak met:

- Jou bestuurder;
- Jou volgende-vlak-bestuurder;
- Enige spanlid van Regsdienste, Etiek en Voldoening of Interne of Eksterne Oudit;
- Die Voorsitter van die Brambles-direksie; of
- Die Voorsitter van Brambles se Oudit- en Risikokomitee.

Verder kan aanmelding via ons Uitpraat-blitslyn gedoen word. Dit maak voorsiening vir aanmelding 24 uur per dag, 7 dae per week, deur 'n onafhanklike derdepartyverskaffer. Om 'n ongerymdheid via die Uitpraat-blitslyn aan te meld, kan jy gaan na www.brambles.ethicspoint.com, wat 'n lys land- of streekspesifieke plaaslike of tolvrye foonnommers of skakels na die beskikbare aanlyn aanmeldstelsel bevat, of skakel die foonnommer wat verskyn op die Uitpraat-plakkate wat in jou fasiliteit vertoon word.

# Wat gebeur as ek Uitpraat?

Brambles sal reageer op alle versoeke vir advies of inligting en sal, soos toepaslik, alle aanmeldings van ongerymdhede ondersoek, insluitend enige oortredings of potensiële oortredings van hierdie Kode, maatskappybeleide en toepaslike wette en regulasies. Enige aanmelding van 'n ongerymdheid sal ernstig beskou en vertroulik, billik en met volle objektiwiteit ondersoek word.

## Die aanmelding van bekommernisse

**V Ek het met my bestuurder gepraat oor 'n situasie wat volgens my die Kode oortree.**

Ek dink nie sy het enigiets daaromtrent gedoen nie, en sy het gesê ek moet my nie bekommer nie. Ek is bekommerd. Wat moet ek doen?

**A Jy word aangemoedig om eers met jou bestuurder te praat, want sy het 'n belang daarin om 'n etiese omgewing te bevorder en 'n verpligting om die Kode te handhaaf.**

As jy egter om een of ander rede nie gemaklik voel om met jou bestuurder te praat nie of voel dat jou bekommernis nie aandag geniet het nie, moet jy kontak maak met jou volgende-vlak-bestuurder, enige spanlid van Regsdienste of die Uitpraat-blitslyn.

## Neutrale ondersoek

**V Sê nou iemand beskuldig my van 'n ongerymdheid, selfs al het ek niks verkeerd gedoen nie?**

**A Brambles neem nie aan dat 'n ongerymdheid plaasgevind het net omdat iets aangemeld word nie.**

In plaas daarvan, begin ons 'n neutrale ondersoek sonder enige aannames of veronderstellings oor die klagte of die betrokke partye.




# Geen toleransie vir weerwraak nie

Onthou dat Brambles geen toleransie vir weerwraak of vergelding het nie. Dit beteken dat niemand by die maatskappy jou op enige wyse kan penaliseer solank jy 'n billike vermoede het om jou kommer uit te spreek nie.

# Vir ons gaan dit alles oor etiek en voldoening

Vir ons gaan dit alles oor etiek en voldoening. Dit beteken dat elke werknemer by Brambles sowel die geleentheid as die verantwoordelikheid het om ons kultuur van etiek en voldoening te bevorder. En diegene wat mense bestuur, insluitend ons senior bestuurders en uitvoerende bestuur, het 'n spesiale verantwoordelikheid om 'n voorbeeld te stel. Ons verwag van ons bestuurders om 'n kultuur te skep waarin alle werknemers hul verantwoordelikhede verstaan en gemaklik voel om kommer uit te spreek, sonder vrees vir weerwraak of vergelding.



### Ons bestuurders moet:

- Persoonlik 'n voorbeeld van integriteit stel. Dit beteken dat hulle as rolmodelle moet optree, nie net deur woorde nie, maar ook deur hul eie dade;
- 'n Eerlike en etiese kultuur voorstaan. Dit beteken dat hulle seker moet maak dat werknemers verstaan dat besigheidsresultate nooit belangriker as etiese gedrag en voldoening aan die Kode en ander Brambles-beleide is nie;
- Gedrag wat die Kode en ons Gedeelde Waardes illustreer, erken en beloon;
- 'n Oop omgewing skep waar elke werknemer gemaklik voel om kommer uit te spreek;
- Help om die Kode af te dwing; en
- Enige oortredings of potensiële oortredings van die Kode moet aanmeld, indien en soos vereis deur die Groepriglyne vir die aanmelding van ernstige voorvalle, deur geskikte kanale op 'n tydige wyse.

Soos jy verder sal lees in ons Beleid oor voortdurende bekendmaking en korporatiewe kommunikasie, moet sekere lede van Brambles se leierskap volle, billike en akkurate bekendmakings doen in indienings by die Australiese aandelemark en ander openbare kommunikasie oor ons bedrywighede en prestasie. Dit is te begrype dat hul verklarings en handeling op hierdie gebied die toon stel vir hoe Brambles deur die wêreld daar buite beskou word. Daarom is dit uiters belangrik dat bestuurders Brambles bewus moet maak van enige oortredings of potensiële oortredings van die Kode wat moontlik Brambles se bekendmakings kan beïnvloed. Vir meer leiding oor wat deur bestuurders aangemeld moet word, en by wie, verwys asseblief na die Groepriglyne vir die aanmelding van ernstige voorvalle.

# Die beskerming van ons mense en ons werkplek

Die ondernemingsgees van ons werknemers is een van ons grootste bates by Brambles, en ons is daartoe verbind om ons werknemers regverdig en billik te behandel. Werknemers moet voel dat hulle op 'n vertroulike grondslag enige probleem in verband met hul werk by Brambles kan bespreek. Hulle moet sulke kwessies kan opper met die vertroue dat Brambles billik, onpartydig, vertroulik en so vinnig as doenlik sal reageer. Ons is ook verbind tot die veiligheid en sekuriteit van ons werknemers.

- Ons hou mekaar veilig
- Diversiteit
- Menseregte
- Vryheid van vereniging en kollektiewe bedinging
- Werknemers se privaatheid
- Ons vermy belangebotsings in die werkplek
- Buiteaktiwiteite
- Verhoudings in die werkplek



# Ons hou mekaar veilig

Brambles voldoen aan alle toepaslike wetgewing oor gesondheid, veiligheid en die omgewing. Hiermee in gedagte ontwikkel en volg ons veilige werkprosedures om werknemers se welstand en werkplekveiligheid te verseker en om beserings te verhoed, en jy moet:

- Alle gesondheids-, veiligheids- en omgewingsbeleide wat op jou of jou perseel of werksaamhede betrekking het, verstaan en daaraan voldoen;
- Nooit veiligheidsprosedures in die gedrang bring om operasionele teikens te behaal nie;
- Redelike sorg dra met jou eie gesondheid en veiligheid asook dié van jou medewerkers;
- Veilige werkspraktyke volg en alle gevare, voorvalle en noue ontkomings in die werkplek aanmeld;
- Onveilige of onbehoorlike werksaamhede bevraagteken en aandring op 'n "stop werk" indien nodig om aandag daaraan te skenk; en
- Alle ernstige gesondheids-, veiligheids- en omgewingsvoorvalle by Brambles se Uitvoerende Leierskapspan aanmeld.

Vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot alle toepaslike wetgewing oor gesondheid, veiligheid en die omgewing, gaan asseblief die Beleid oor gesondheid en veiligheid na.

Verder is Brambles daartoe verbind om vir "Zero Harm" te mik. Dit beteken dat ons daartoe verbind is om die volgende te behaal: geen beserings nie, geen omgewingskade nie en geen nadelige impak op menseregte nie. Om hierdie beginsels na te kom, werk Brambles volgens 'n Zero Harm-handves. Hierdie handves gee 'n uiteensetting van die waardes en gedrag wat nodig is om veilig te werk en omgewingsvoldoening te verseker, en is van toepassing op alles wat ons doen – van die bou of herstel van ons toerusting, tot die bestuur van vragmotors of vurkhysers, tot die wegdoening van afval.



## Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening

Die verwydering van of waking teen gevare begin met die identifisering en aanmelding daarvan. Meld alle noue ontkomings en voorvalle aan. En jy moet Uitpraat teenoor jou bestuurder of enige lid van die Gesondheid, Veiligheid en die Omgewing-span as jy bewus is van enige gevare wat misgekyk of geïgnoreer is. Voorbeelde kan insluit:

- Versuim om regulatoriese permitte te kry of daaraan te voldoen;
- Versuim om veiligheidsbeleide, -prosedures of -praktyke te volg, selfs al het hierdie afwykings 'n gewoonte of roetine geword;
- Gereedskap of toerusting wat nie voldoende in stand gehou is nie;
- Onveilige voertuigbestuurspraktyke; en
- Masjienskerms wat ontbreek of persoonlike beskermende toerusting wat foutief is of ontbreek.

# Diversiteit

By Brambles verwelkom ons diverse agtergronde, lewenservarings en oogpunte, met die erkenning dat ons verskille ons kapasiteit vir innovering en ons vermoë om ons kliënte te bedien, versterk. Ons het 'n langdurige verbintenis tot gelyke geleenthede en is daartoe verbind om werkplekke te handhaaf wat sonder diskriminasie of teistering is op grond van ras, geslag, kleur, nasionaliteit of nasionale oorsprong, klas, geloof, ouderdom, gestremdheid, huweliks- of familiestatus, seksuele oriëntasie of geslagsidentifikasie, politieke mening of enige ander status wat deur toepaslike wetgewing beskerm word. Ons behandel mekaar met respek, ons waardeer mense se bydraes en ons streef na gelykheid.

Ons poog om in elke land en kultuur 'n voorkeurwerkgewer te wees. Die beste mense vir die werk word gewerf, aangestel, geplaas, opgelei, vergoed en bevorder op grond van meriete en werksverwante bevoegdhede. Bowendien duld ons nie oneerbiedige of onvanpaste gedrag, onbillike behandeling of weerwraak van enige soort in die werkplek en in enige werksverwante omstandighede buite die werkplek nie. Ons verbintenis tot hierdie waardes word uiteengesit in ons Beleid oor diversiteit, Beleid oor menseregte en ons Wêreldwye beleid oor waardigheid by die werk.

### Ons verwag van jou as Brambles-werknemer om:

- Brambles te ondersteun in ons pogings om 'n diverse werkplek te ontwikkel en te bevorder;
- Gedagtig te wees aan hoe jy interaksie met jou kollegas in die werkplek het, veral diegene in minder invloedryke posisies. Ander mense billik en met respek en waardigheid te behandel, en om nooit te diskrimineer, te teister of af te knou nie;
- In alle interaksies professioneel op te tree, insluitend gesprekke, vergaderings, e-poskommunikasie en ander vorme van aanlyn skakeling, en om 'n inklusiewe, positiewe omgewing te skep wat waarde heg aan ander mense se menings. Op die uitkyk te wees vir diskriminasie, teistering of afknouery; en
- Uit te praat teenoor jou bestuurder of 'n spanlid van Regsdienste of Menslike Hulpbronne of deur een van die meganismes uiteengesit in die Uitpraatbeleid te gebruik, wat die Uitpraat-blitslyn insluit, as jy diskriminerende, teisterende, afknouende of wraaksame gedrag sien of ervaar.

# Menseregte

Respek vir menseregte is fundamenteel vir Brambles en die gemeenskappe waarin ons werksaam is. Brambles is daartoe verbind om alle internasionaal-erkende menseregtebeginsels te eerbiedig, insluitend die fundamentele regte en beginsels by die werk, soos gedefinieer deur die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) en die Verenigde Nasies se Leidende Beginsels oor Besigheid en Menseregte (UNGP's). Gevolglik voldoen ons aan alle wette wat kinder-, gedwonge en verpligte arbeid, mensehandel en diskriminasie of teistering tydens indiensneming verbied. Ons voldoen ook aan wette oor lone en werksure, en alle wette oor privaatheid, vryheid van vereniging, kollektiewe bedinging, immigrasie en werkstyd. In die besonder:

## Kinderarbeid

Ons duld nie kinderarbeid in ons eie bedrywighede of dié van ons verskaffers nie. Ons glo dat alle arbeid wat op 'n té vroeë ouderdom begin, skadelik, uitbuitend of vernietigend is. Daarom neem ons nie kinders onder die ouderdom van 15 jaar, onder die ouderdom vir die voltooiing van verpligte onderwys of onder die minimum ouderdom vir indiensneming in die land, wat ook al die hoogste is, in diens nie – en ons doen nie besigheid met verskaffers wat dit doen nie. Verder sal ons nie enige persoon jonger as 18 jaar aanstel as hulle betrokke sou wees by werk wat as gevaarlik gekategoriseer word nie, en ons sal nie verskaffers duld wat dit doen dit nie.

## Gedwonge arbeid

Ons verbied – in ons eie bedrywighede en dié van ons verskaffers – die gebruik van alle vorme van gedwonge arbeid, insluitend onvrywillige gevangene-arbeid, ingeboekte arbeid, gebonde arbeid, militêre arbeid, slawearbeid en enige vorm van mensehandel.

### Wees 'n bondgenoot

As jy vermoed dat iemand geteister of afgeknou word, moet jy Uitpraat. Dis noodsaaklik om die regte en gelykheid van jou kollegas by Brambles voor te staan, te beskerm, op te staan daarvoor en dit te erken. As jy 'n situasie in die gesig staar waar jy geteister of afgeknou voel, sou jy tog wou hê dat jou kollegas vir jou moet Uitpraat.

# Vryheid van vereniging en kollektiewe bedinging

Ons respekteer die individu se reg op vryheid van vereniging en op kollektiewe bedinging. Ons vind aansluiting by ons werknemers deur sowel kollektiewe as individuele ooreenkomste ingevolge plaaslike wetgewing, gebruik en praktyk.

# Werknemers se privaatheid

By Brambles respekteer en beskerm ons individuele privaatheid en sal persoonlike data in ooreenstemming met Brambles se Wêreldwye beleid oor privaatheid, Wêreldwye beleid oor werknemers se dataprivaatheid en Bylae vir die Europese Unie gebruik, in stand hou en oordra. Ons sal verder:

- Rekenaar-, fisiese en prosedurele veiligheidsmaatreëls implementeer om die sekuriteit en vertroulikheid van die persoonlike data wat ons insamel en verwerk, te beskerm;
- Slegs behoorlik opgeleide en gemagtigde individue toelaat om toegang tot persoonlike data te kry; en
- Aan alle toepaslike wetgewing oor dataprivaatheid voldoen.

Jy moet as Brambles-werknemer individue se privaatheid respekteer en enige persoonlike data waartoe jy toegang het, veilig en vertroulik hou. Om dit te doen, moet jy die volgende vyf stappe oorweeg:

1. **Ontleed.** Watter persoonlike data het jy en tot watter persoonlike data het jy toegang? Moenie net aan e-pos dink nie. Oorweeg ook papierlêers en toegang tot stelsels, gedeelde vouers en lêerkamers.
2. **Skaal af.** As jy nie toegang tot iets nodig het nie, moenie dit behou nie. Kontak die betrokke stelseladministrateur om jou toegang te verminder of te verwyder. As die persoonlike data wat jy het, afgeskaal word, is dit makliker om die inligting wat jy nodig het, te beskerm.
3. **Beveilig.** As jy persoonlike data het, is jy verantwoordelik om dit te beveilig.
4. **Vernietig.** As jy dit nie nodig het nie, moenie dit behou nie. Tensy jy volgens wet vereis word om persoonlike data te behou, moet jy elektroniese inligting uitvee en gedrukte afskrifte vernietig in ooreenstemming met Brambles se Wêreldwye behoudsbeleid.
5. **Bly waaksaam.** Jy is ons beste hulpbron vir die beskerming van persoonlike data. As jy byvoorbeeld 'n e-pos ontvang van iemand wat jy nie ken nie, moet jy dit nie oopmaak nie en nie op die e-pos antwoord nie. Bekragtig die geskiktheid van die e-pos deur die stuurder te bel of meld dit aan as verdag en gebruik Brambles se hulpmiddels en kanale vir aanmelding. As jy bewus raak dat 'n skending van ons inligting, ons stelsels of ons toepassings plaasgevind het of dit vermoed, moet jy dit onmiddellik aanmeld by die IT-dienstoonbank.

By Brambles glo ons dat respek vir fundamentele menseregte, wat privaatheid insluit, noodsaaklik is om 'n volhoubare en etiese besigheid te bou, insluitend in ons handelinge met ons verskaffers. Vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot menseregte, hersien asseblief Brambles se Beleid oor diversiteit, Beleide oor menseregte, Wêreldwye privaatheidsbeleid, Wêreldwye beleid oor die privaatheid van werknemerdata en Bylae vir Europa.

# Ons vermy belangebotsings in die werkplek

Ons sal alle situasies vermy wat 'n werklike of potensiële belangebotsing tussen persoonlike belange en die belange van Brambles skep of blyk te skep. Ons besigheidsbesluite moet gelei word deur goeie oordeel, objektiwiteit en lojaliteit teenoor Brambles en ons aandeelhouers – nie deur ons persoonlike belange nie.

## Belangebotsings

**V Kan jy 'n paar voorbeelde van belangebotsings gee?**

**A Voorbeelde kan insluit:**

- Om 'n vervoermaatskappy in jou of jou familie se besit aan te stel om logistieke ondersteuning aan Brambles te bied;
- Om jou eie maatskappy te begin wat produkte en dienste soortgelyk aan Brambles s'n verskaf;
- Om konsultasiedienste te verskaf aan 'n maatskappy wat meer werk van Brambles soek;
- Om geskenke of reise van 'n verskaffer te aanvaar en dan werk aan die verskaffer toe te ken.



## Buiteaktiwiteite

As Brambles-werknemers moet ons buiteaktiwiteite vermy, soos 'n tweede werk, direkteurskappe of raadslidmaatskappe, wat moontlik ons lojaliteite kan verdeel of in ons verpligtinge teenoor Brambles kan inmeng.

Ons weet dat as jy by aktiwiteite buite Brambles betrokke raak, dit vir jou persoonlike groei kan bied en jou vaardighede kan verbeter. Maar jy moet bewus wees dat jy versigtig moet wees vir belangebotsings. Voordat jy by buiteaktiwiteite betrokke raak, moet jy seker maak dat niks inmeng in jou vermoë om alle besigheidsbesluite in Brambles se belang te neem nie. Dit beteken dat:

- Niks wat jy doen, moet inmeng in jou vermoë en verantwoordelikheid om besluite objektief en sonder vooroordeel te neem nie;
- As jou persoonlike of finansiële aktiwiteite moontlik kan inmeng in of die potensiaal het om in jou verpligtinge teenoor Brambles in te meng, moet jy dit aan jou bestuurder of 'n spanlid van Regsdienste of Menslike Hulpbronne bekend maak;
- Jy moet finansiële belange bekend maak wat jy moontlik kan hê in 'n maatskappy waar jy persoonlik Brambles se besigheid met daardie maatskappy kan beïnvloed.

Brambles se doelwit is nie om jou te verhoed om verrykings- of professionele ontwikkelingsgeleenthede na te streef nie, maar om te verseker dat daardie geleenthede nie met die maatskappy se belange bots nie. Die bekendmaking van 'n belangebotsing of 'n potensiële belangebotsing beteken nie altyd dat jy verhoed sal word om iets te doen nie. Dit sal eerder die moontlikheid verhoog om saam met Brambles to werk om 'n aanvaarbare oplossing te vind.

## Verhoudings in die werkplek

Brambles is daartoe verbind om te verseker dat ons werkplek billik en onaangetas deur persepsies van voortrekkery is. Hoewel ons verstaan dat persoonlike verhoudings (hetsy familiaal of romanties) in ons werksomgewing sal ontwikkel, sal ons, waar deur plaaslike wetgewing toegelaat, jou met respek sterk aanmoedig om jou bestuurder te laat weet indien dit gebeur. Dit is veral belangrik wanneer sulke verhoudings in 'n funksionele of lynbestuurskapasiteit ontstaan, aangesien dit 'n uitwerking kan hê op die vermoë om deel te neem aan enige werksbesluit wat die ander persoon raak. Indien beduidende bekommernisse en risiko's ontstaan, kan geleenthede oorweeg word om een of albei partye in 'n ander area van die besigheid aan te wend, sonder verlies van status of diensvoorwaardes, behoudens plaaslike wetgewing. Hoewel ons sou verwag dat alle verhoudings uit vrye wil ontstaan, is ons bewus van die magsewewig wat in werkplekverhoudings kan bestaan. Enige voorbeelde wat ons beleide oor teistering en afknouery skend, sal aandag geniet en ondersoek en met die strengste erns hanteer word, wat ontslag kan insluit. Jy moet jou vertroud maak met jou plaaslike beleide en indien jy enige bekommernisse het, moet jy dit direk met enige spanlid van Regsdienste of Menslike Hulpbronne hanteer of deur een van die meganismes wat uiteengesit word in die Uitpraatbeleid, wat die Uitpraat-blitslyn insluit.

### Onthou, dis nie altyd "nee" nie, maar dis altyd "om te weet"

'n Belangebotsing is nie noodwendig 'n oortreding van Brambles se Gedragskode nie. Om na te laat om 'n botsing behoorlik bekend te maak, sal egter altyd die Kode oortree.

Die bekendmaking van potensiële belangebotsings stel jou bestuurder en Menslike Hulpbronne in staat om risiko's wat jou besigheidsbesluite kan beïnvloed, te versag.

# Die beskerming van die voorsieningsketting

Alle dinge begin met die kliënt. Dit beteken dat ons werk om uitstekende waarde aan ons kliënte te bied, terwyl ons altyd getrou aan die Kode en ons hoë standaarde van integriteit bly.

Om 'n etiese maatskappy te wees, beteken dat besigheid openlik en eerlik gedoen moet word en dat mededingende voordeel deur middel van sterk, billike en doeltreffende besigheidspraktyke verkry moet word. Ons moet nie enige handeling uitvoer wat enige toepaslike wet, regulasie of Brambles-beleid oortree nie, insluitend enige wet, regulasie of Brambles-beleid met betrekking tot mededinging, bedrog, omkopery, geldwassery, handelsanksies en -beperkings of belasting, en moet billike stappe instel om oortredings deur ander mense te verhoed, waar dit ook al moontlik is.

- Billike mededinging
- Antibedrog
- Anti-omkopery
- Anti-geldwassery
- Sanksies
- Belasting
- Ons verwag van ons verskaffers om die beginsels uiteengesit in ons Kode na te kom



# Billike mededinging

Wette oor mededingend is ingestel om mededinging te bevorder en kliënte teen onbillike besigheidspraktyke te beskerm. Hierdie wette en Brambles-beleide verbied gedrag wat as onderhands of anti-mededingend beskou word, soos prysvasstelling, bodknoeiery, verdeling van kliënte of markte, beperking van die beskikbaarheid van produkte of dienste of weiering om met spesifieke sakevennote om ontoelaatbare redes transaksies aan te gaan. By Brambles erken ons dat onmededingende gedrag sleg vir ons kliënte is, ons binnewaartsgerig en selfvoldaan laat lyk, en vir die gemeenskap oor die algemeen onaanvaarbaar is. Ons passie vir sukses beteken dat:

- Ons billik sal meeding op grond van die sterkte van ons produkte en dienste, en in ooreenstemming met mededingingswetgewing in die markte waarin ons werksaam is; en
- Ons nie betrokke sal raak by prysvasstelling en bodknoeiery, kliënte of markte sal verdeel, beskikbaarheid van produkte of dienste sal beperk of sal weier om met spesifieke sakevennote om ontoelaatbare redes transaksies aan te gaan nie.

Vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot billike mededinging, verwys asseblief na die Handleiding vir wêreldwye voldoening aan mededinging.

**Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening**

Voldoening aan mededingingswetgewing verhoed Brambles nie om sterk, billik en doeltreffend mee te ding nie. Brambles se passie vir sukses beteken dat ons binne die perke van alle toepaslike mededingingswetgewing suksesvol sal meeding.




# Antibedrog

Bedrog is sowel oneties as onwettig. Bedrog vind plaas wanneer iemand jok, verneuk, flous of steel – hetsy deur woorde, gedrag of te versteek wat bekendgemaak moet word – om bevoordeel te word of om iemand anders te benadeel. Voorbeelde van bedrog kan insluit:

- Die indiening van vals uitgaweverslae;
- Wanaanwending van Brambles se bates of misbruik van Brambles se eiendom;
- Ongemagtigde hantering of aanmelding van transaksies, soos om uitgawes onbehoorlik na 'n ander rekeningkundige tydperk te verskuif of om inkomste wat aan 'n ander rekeningkundige tydperk behoort, onbehoorlik te herken;
- Vervalsing of wysiging van dokumente, insluitend die vervalsing of wysiging van enige dokumente om onderhandelbare instrumente of geldoordragte, kredietoordragte of bankoordragte onbehoorlik te ontlok; en
- Onbehoorlike verandering of manipulering van finansiële rekords of finansiële state.

Elkeen van ons by Brambles is verantwoordelik om bedrog te voorkom en aan te meld. Gevalle van werklike of potensiële bedrog moet aangemeld word by jou bestuurder of 'n spanlid van Regsdienste, of deur die meganismes te gebruik wat in die Uitpraatbeleid uiteengesit word, insluitend die Uitpraat-blitslyn.




# Anti-omkopery

By Brambles is ons daartoe verbind om te voldoen aan alle toepaslike antikorrupsiewette en -standaarde in die lande waarin ons werksaam is, insluitend Australië se Strafkode, die Britse Wet op Omkopery en die Amerikaanse Wet op Buitelandse Korrupte Praktyke. Korrupte praktyke is dus onaanvaarbaar. Dit beteken dat:

- Ons omkopery, agteraf betaling, invloedsmousery en ander korrupte betalings verbied in alle saketransaksies, in elke land wêreldwyd, met sowel regerings as staatsamptenare (wat werknemers van maatskappye in staatsbesit insluit) en die privaat sektor;
- Ons niks van waarde, direk of indirek, vir enigiemand sal aanbied, belowe, maak of magtig om 'n onbehoorlike besigheidsvoordeel te kry nie;
- Ons Brambles se riglyne oor Geskenke en Gasvryheid sal volg wat uiteengesit is in die Beleid oor gasvryheid en geskenke en in die Beleid oor omkopery en korrupsie. Verder sal ons onthou dat die voorsiening van geskenke, gasvryheid of enigiets anders van waarde aan staatsamptenare of familielede van staatsamptenare, wat onder meer werknemers van entiteite in staatsbesit of staatsbeheer, hoogs gereguleer is en dikwels verbied word. Ons sal nie sodanige geskenke of gasvryheid aanbied tensy ons goedkeuring van die Omkopery-voorkomingsgroep verkry het nie;
- Ons sal nie politieke skenkings namens Brambles maak nie; en
- Ons sal Brambles se kontroleringsprosedures volg en vereis dat enige derde party wat Brambles verteenwoordig, noukeurig gekies word en voldoen aan onder meer Brambles se Beleid oor omkopery en korrupsie, Beleid oor geskenke en gasvryheid, en die beginsels uiteengesit in die Verskaffersbeleid.

Vir meer inligting oor Brambles se geen toleransie vir omkopery en korrupsie, verwys asseblief na die Beleid oor omkopery en korrupsie.

## Om te doen wat reg is … vir ons gaan alles oor voldoening

Om ons reputasie as 'n vertroude sakevennoot te handhaaf, sal ons slegs gepaste sakebeleefdhede – geskenke en gasvryheid – aanbied en aanvaar.

Soos uiteengesit in die Beleid oor gasvryheid en geskenke en die Beleid oor omkopery en korrupsie, moet geskenke of gasvryheid jou nooit verhoed om billike en onpartydige besigheidsbesluite te neem of die voorkoms te skep dat dit jou verhoed het om billike en onpartydige besigheidsbesluite te neem nie. Gevolglik is geskenke en gasvryheid (gegee of ontvang) nooit gepas in die tydperk vóór of tydens 'n tenderproses of kontrakonderhandelinge nie.

**Met dien verstande dat daar geen tender of voortdurende onderhandelinge is nie (en dat geen staatsamptenare betrokke is nie):**

- Word gasvryheid toegelaat mits dit fatsoenlik, redelik en gepas is en dit ten doel het om ons maatskappybeeld te verbeter, ons produkte en dienste aan te bied of sakeverhoudings te vestig of te handhaaf;
- Kan geskenke gegee of aanvaar word as dit ongereeld, vir die uitsluitlike doel van die vestiging of versterking van 'n sakeverhouding en onder die geldelike drempel is wat uiteengesit word in die Beleid oor gasvryheid en geskenke en die Beleid oor omkopery en korrupsie. Soos uiteengesit in die Beleid oor gasvryheid en geskenke en die Beleid oor omkopery en korrupsie, vereis geskenke wat sekere frekwensies of geldelike drempels oorskry, goedkeuring van 'n bestuurder of die Omkopery-voorkomingsgroep.

# Anti-geldwassery

Brambles is daartoe verbind om te voldoen aan alle toepaslike wette en regulasies oor anti-geldwassery en terrorismefinansiering. Dit beteken dat Brambles slegs besigheid sal doen met kliënte en verskaffers wat betrokke is by regmatige besigheidsaktiwiteite wat uit regmatige bronne befonds is. As Brambles-werknemer moet jy:

- Die kliënte en verskaffers ken met wie jy werk. Jy moet soveel inligting of dokumentasie as wat nodig is, insamel en verstaan om seker te maak dat hulle betrokke is by regmatige besigheidsaktiwiteite en dat hul fondse uit regmatige bronne afkomstig is;
- Alle prosedures oor kliënte-waaklyskeuring en 'n omsigtigheidsondersoek oor derde partye volg;
- Alle Brambles-riglyne oor aanvaarbare vorme van betaling volg; en
- Waaksaam wees vir enige tekens of rooi vlae van potensiële geldwassery of ander onwettige aktiwiteite en dit by jou bestuurder of die span van Regsdienste aanmeld, of die meganismes gebruik wat uiteengesit word in die Uitpraatbeleid, wat die Uitpraat-blitslyn insluit.



## Geldwassery

**V Kan jy 'n paar voorbeelde van geldwassery gee?**

**A Voorbeelde of rooi vlae oor geldwassery kan insluit:**

- Pogings deur 'n kliënt om vals inligting te verskaf om 'n rekening oop te maak;
- Aanbiedings om kontant te betaal, gevolg deur versoeke om terugbetalings;
- Bestellings, aankope of betalings wat ongewoon of teenstrydig is met 'n kliënt se besigheid of vorige besigheidspraktyk; en
- Ongewone fondsoordragte na of vanaf lande wat nie met die besigheidstransaksie verband hou nie.

Minder ooglopende voorbeelde of rooi vlae van geldwassery, veral vir verkope na of aankope vanaf lande wat kontroles op buitelandse valuta toepas, kan ongewone versoeke vanaf sakevennote as 'n vergelyk vir die verhouding insluit. Voorbeelde kan wees:

- 'n Versoek om 'n entiteit te faktureer wat nie ons sakevennoot is nie en geen ooglopende rol in die transaksie het nie;
- Die oormaak van fondse aan 'n sakevennoot in 'n land buiten die een waar die sakevennoot werksaam is (buitelandse betalings); of
- Die terugbesorging of terugbetaling van betalings aan 'n entiteit buiten die een wat in die eerste plek die betalings aan Brambles oorgemaak het.

Hierdie rooi vlae kan soms 'n ontduiking van plaaslike belastingwetgewing of plaaslike kontroles oor buitelandse valuta aandui, wat die grondslag vir geldwassery kan vorm.

# Sanksies

As 'n globale maatskappy is Brambles daartoe verbind om aan alle handelsanksies en -beperkings te voldoen – insluitend embargo's, ekonomiese sanksies, doeane-, produk- of land van oorsprong-merke en anti-boikotwette en -regulasies – wat van toepassing is op die lande waarin ons besigheid doen. Om uitvoering aan hierdie verbintenis te gee, moet jy:

- Alle besigheidsprosedures ten opsigte van die invoer van goedere of die uitvoer van goedere, sagteware of tegnologie volg;
- Alle prosedures oor kliënte-waaklyskeuring en omsigtigheidsondersoeke oor 'n derde party volg om seker te maak dat Brambles nie besigheid doen in lande of streke of met mense of entiteite wat aan 'n sanksie-waaklysregime onderworpe is nie;
- Slegs Brambles-goedgekeurde doeaneagente gebruik; en
- Akkurate, volledige en tydige inligting verskaf oor invoerdokumentasie en -verklarings.

Om jou te help om aan hierdie vereistes te voldoen, het Brambles 'n Beleid oor sanksies en uitvoerkontroles aanvaar. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie Beleid oor sanksies en uitvoerkontroles, wat onder meer omvattende landwye of streekswye verbiedings en die universele toepassing van die Australiese sanksieregime aan alle Brambles-groepmaatskappye oplê, dikwels strenger as toepaslike plaaslike wetgewing is.

As jy onseker is oor hoe om aan Brambles se Beleid oor sanksies en uitvoerkontroles te voldoen, kontak asseblief jou bestuurder of die span van Regsdienste of gebruik een van die meganismes uiteengesit in die Uitpraatbeleid, wat die Uitpraat-blitslyn insluit.



# Belasting

Brambles is daartoe verbind om aan toepaslike belastingwetgewing te voldoen en om openlike en opbouende verhoudings met belastingowerhede te hê. Belastingwetgewing is inherent kompleks, en Brambles poog om aan die wette te voldoen deur die regte bedrag belasting in die korrekte jurisdiksie te betaal, relevante inligting bekend te maak en verligting of aansporings op te eis waar dit beskikbaar is. Ons ondersteun meer deursigtigheid van ons maatskappye se belastingbetalings en -prosesse ten einde openbare vertroue te bou.

Verder is ons daartoe verbind om die fasilitering van belastingontduiking te voorkom. In die praktyk beteken dit dat ons enige ongewone versoeke vanaf kliënte, verskaffers, werknemers en kontrakteurs moet bevraagteken wat blyk of dit hulle uit 'n belastingoogpunt onbehoorlik bevoordeel. Voorbeelde hiervan is om vals beskrywings te gee van goedere en dienste, om 'n ander maatskappy as die een waaraan die goedere of dienste verskaf is, te faktureer, om kontant te betaal vir dienste of in rekeninge in buitelandse geheimjurisdiksies, om in te stem tot veranderinge aan die beskrywings van uitgawes of betalings aan personeel wat hul aanspreeklikheid vir inkomstebelasting sal verminder.

Vir meer inligting oor Brambles se verbintenis tot meer deursigtigheid ten opsigte van belastingbetalings en -prosesse, verwys asseblief na die Belastingbeleid en die Beleid oor antibelastingontduiking, en as jy enige bekommernisse het of as jy 'n kwessie vermoed, kontak asseblief jou bestuurder of die span van Regsdienste, of gebruik een van die meganismes soos uiteengesit in die Uitpraatbeleid, wat die Uitpraat-blitslyn insluit.

# Ons verwag van ons verskaffers om die beginsels uiteengesit in ons Kode na te kom

Ons is daartoe verbind om 'n verantwoordelike en waardevolle vennoot in die voorsieningsketting te wees, en om voortdurend 'n volhoubare besigheid te bou wat hul kliënte, werknemers en aandeelhouers en die gemeenskappe waarin hulle woon, bedien.


'n Sterk en dinamiese verskaffersbasis is noodsaaklik vir ons langtermynsukses. Ons maak staat op die kundigheid en vaardigheid van verskaffers om in kliënte se veranderende behoeftes te voorsien, en ons werk net met verskaffers wat aan alle toepaslike wette voldoen, insluitend alle toepaslike wette oor arbeid, indiensneming, die omgewing, menseregte, lone en werksure, en gesondheid en veiligheid. Waar 'n verskaffer nie hierdie standaarde handhaaf nie, sal Brambles gepaste aksie neem wat die beëindiging van die verskafferverhouding kan insluit.

Brambles se verbintenis tot billike en wetlike praktyke met hul verskaffers kan nagegaan word in die Verskaffersbeleid.

## Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening

Ons kan aanspreeklik gehou word – wat ons reputasie betref en soms wetlik – vir die handelinge van ons verskaffers wanneer hulle namens ons optree. Gevolglik moet jy verseker dat:

- Ons slegs met verskaffers werk wat ons waardes en ons hoë standaard van integriteit in hul eie besighede en in dié van hulle voorsieningskettings handhaaf. Verskaffers moet instem om aan alle relevante aspekte van die Kode en Brambles se beleide te voldoen, insluitend die Verskaffersbeleid;
- Jy belangebotsings vermy wanneer jy 'n verskaffer kies en nooit onbehoorlike geskenke of ander items van waarde aanvaar nie;
- Indien jy onveilige werksomstandighede of vermoedelike skending van menseregte in ons voorsieningsketting sien, moet jy Uitpraat. Meld die aangeleentheid by jou bestuurder of enige spanlid van Regsdienste of Menslike Hulpbronne aan of skakel die Uitpraat-blitslyn;
- Jy gepaste verhelpende of regstellende aksie neem, wat in sommige gevalle die beëindiging van 'n kontrak kan insluit nadat daar vasgestel is dat 'n derde party versuim het om te voldoen aan die relevante aspekte van die Kode of Brambles se beleide, insluitend die Verskaffersbeleid.



# Die beskerming van ons maatskappy en ons aandeelhouers

By Brambles word ons vertroulike inligting asook die vertroulike en persoonlike data van ons werknemers, ons aansoekers, ons kliënte, ons verskaffers en ons aandeelhouers beskerm, en word ons bates teen diefstal, verlies en misbruik beskerm. Ons handhaaf akkurate en betroubare rekords en ons vermy aktiwiteite wat voorkom asof dit bedrieglik of onfatsoenlik is.

- Ons beskerm Brambles se bates en hulpbronne
- Rekordbestuur en regsbehoud
- Aandelehandel
- Getroue en akkurate verslagdoening
- Ons kommunikeer op 'n verantwoordelike wyse: voortdurende bekendmaking en kommunikasie



# Ons beskerm Brambles se bates en hulpbronne

Ons moet Brambles se bates – insluitend die geboue of die aanlegte waarin ons werk; die laaiborde, kratte, houers, vaatjies of skroottoerusting wat ons besit; die tegnologie, data en insigte wat ons gebruik om ons werk te doen; en die rekenaars en slimfone wat ons met mekaar verbind – teen diefstal, verlies en misbruik beskerm. Ons erken dat data 'n waardevolle bate van die maatskappy is en ons verbind ons daartoe om dit eties en met die uiterste sorg en verantwoordelikheid te hanteer.

Jy moenie Brambles se bates gebruik vir:

- Persoonlike gewin; of
- Vir enigiets onwettig of oneties nie.

Die persoonlike gebruik van sommige bates, redelikerwys en soos toegelaat deur plaaslike beleide en prosedures, kan toegelaat word, maar jou gebruik daarvan moet gepas, ongereeld en volgens wet wees, en moet nooit inbreuk maak op jou werk of jou kollegas se werk by Brambles nie.

Verdere inligting oor die aanvaarbare persoonlike gebruik is beskikbaar in die Tegnologiedienstesentrum wat op Walter toeganklik is. Onthou dat enige inligting wat jy skep, deel of op Brambles se stelsels aflaai, aan Brambles behoort en ons behou die reg voor om enige tyd stelselgebruik te monitor in die mate wat dit deur wetgewing toegelaat word.

## Ons verbintenis

'n Wye reeks vertroulike, sensitiewe en privaat inligting – sowel ons eie as dié van ons kliënte, verskaffers en vennote – is aan Brambles toevertrou. Ons is ook die bewaarders van waardevolle digitale bates wat ons wêreldwye bedrywighede moontlik maak. Die beveiliging van hierdie inligting is noodsaaklik om vertroue te handhaaf, ons mededingende voordeel te beskerm en ons wetlike en kontraktuele verpligtinge na te kom. Ons verwag van al ons werknemers, kontrakteurs en sakevennote om inligting en stelsels verantwoordelik te hanteer, met diskresie op te tree en inligting wat privaat, kommersieel sensitief of anders vertroulik is, teen ongemagtigde toegang, gebruik, bekendmaking of verlies te beskerm.

## Wat jy moet weet: vertroulike inligting

Vertroulike inligting sluit in enige nie-openbare besigheidsinligting wat vir Brambles of hul belanghebbendes skadelik kan wees indien dit verloor, sonder magtiging verkry of misbruik word. Dit kan insluit:

- Finansiële en bedryfsdata wat nie openbaar bekendgemaak word nie;
- Strategiese planne en inisiatiewe en idees vir besigheidsontwikkeling;
- Digitale bates (digitale bates sluit in al Brambles se stelsels, netwerke, toepassings, databewaarplekke, toestelle en elektroniese rekords, ongeag die formaat of ligging daarvan);
- Kliënte en verskaffers se inligting;
- Pryse, kontrakte en handelsterme;
- Produkontwikkeling en intellektuele eiendom;
- Werknemers se persoonlike data en Menslike Hulpbronne se rekords;
- Interne kommunikasie, verslae en aanbiedings;
- Enige inligting aangewys as "Vertroulik" of "Hoogs Vertroulik" volgens die Beleid oor dataklassifikasie en -hantering of wat redelikerwys as sensitief beskou word.

### Wat van jou verwag word

Jy moet:

- Slegs toegang kry tot die vertroulike inligting en stelsels waarvoor jy magtiging en 'n regmatige besigheidsbehoefte het;
- Nooit vertroulike inligting of digitale inhoud (bv. dokumente, e-posse, skermskote, data-uitvoere) sonder uitdruklike voorafgoedkeuring van 'n gemagtigde Brambles-verteenwoordiger deel nie;
- Nooit vertroulike inligting op enige platform, toepassing of stelsel oplaai, berg of deel wat nie uitdruklik deur Brambles goedgekeur is nie of op 'n wyse wat nie met ons Beleid oor Aanvaarbare Gebruik ooreenstem nie;
- Toestelle, lêers en kommunikasie volgens Brambles se protokolle vir kubersekuriteit en databeskerming en -klassifikasie beveilig;
- Dit vermy om sensitiewe inligting in openbare plekke of met ongemagtigde individue, insluitend vriende en familie, te bespreek;
- Maatskappystelsels verantwoordelik gebruik en wagwoorde, toegangseiebewyse en mobiele toestelle beskerm;
- Onmiddellik vermoedelike oortredings, pogings om uitvissing, verlore toestelle of ongemagtigde gebruik of toegang by IT Sekuriteit aanmeld, of by enige spanlid van Regsdienste of Wêreldwye Etiek en Voldoening.

Hierdie verwagtinge is te alle tye van toepassing – gedurende jou indiensneming of betrokkenheid en nadat dit eindig.

## Wat jy moet weet: intellektuele eiendom

Intellektuele eiendom sluit in patente, handelsmerke, kopieregte, handelsgeheime, eienaarsontwerpe, besigheidsmetodes, sagtewarekode, handelsmerkmateriaal, tegniese tekeninge, kennis en ander kreatiewe bates wat deur Brambles of hul lisensie-uitreikers ontwikkel is of besit word. Die ongemagtigde gebruik, duplisering, verspreiding of wysiging van intellektuele eiendom is streng verbode. Dit beteken dat alle werknemers, kontrakteurs en sakevennote Brambles se intellektuele eiendom slegs vir regmatige besigheidsdoeleindes en ingevolge toepaslike goedkeuringsprotokolle en lisensies moet gebruik.

### Wat van jou verwag word:

Jy moet nie:

- Intellektuele eiendom (insluitend ontwerpe, interne aanbiedings, bronkodes of tegniese dokumentasie) sonder skriftelike magtiging reproduseer, deel of versprei nie;
- Maatskappyhandelsmerke of handelsmerkbates vir persoonlike projekte of eksterne kommunikasie sonder goedkeuring gebruik nie;
- Handelsgeheime of privaat metodologieë met derde partye, insluitend kliënte, verskaffers of konsultante, deel tensy dit ingevolge 'n geldige niebekendmaking- of lisensie-ooreenkoms is nie.

Intellektuele eiendom wat deur werknemers of kontrakteurs in die loop van hul werk vir Brambles geskep of ontwikkel word – hetsy individueel of samewerkend – is die eiendom van Brambles tensy daar andersins skriftelik ooreengekom word.

Laastens respekteer Brambles die intellektuele eiendomsregte van ander en verwag dat werknemers, kontrakteurs en sakevennote dieselfde doen. Jy moet nie:

- Die materiaal van derde partye (bv. sagteware, artikels, prente of ontwerpe) sonder die behoorlike lisensie of toestemming gebruik nie;
- Kopieregbeperkings of lisensiëringsvoorwaardes omseil nie;
- Ongelisensieerde sagteware op maatskappystelsels aflaai of installeer nie.

Hierdie verwagtinge is te alle tye van toepassing – gedurende jou indiensneming of betrokkenheid en nadat dit eindig.



## Waarom dit saak maak

Die beskerming van ons vertroulike inligting, intellektuele eiendom en digitale infrastruktuur gaan nie net oor voldoening nie. Dit gaan daaroor om die regte ding vir ons besigheid, ons kollegas en ons kliënte te doen. 'n Enkele onverskillige handeling kan tot finansiële verlies, reputasieskade, regsaanspreeklikheid of 'n verlies van vertroue lei.

Indien jy twyfel, moet jy **nie deel nie, nie aanstuur nie en nie aflaai nie.** Vra eerder vir leiding as jy onseker is.

## Indien iets skeefloop

As jy 'n databreuk, onbedoelde bekendmaking of ongemagtigde toegang vermoed, moet jy:

- Jou bestuurder en IT Sekuriteit onmiddellik in kennis stel;
- Enige spanlid van Regsdienste of Wêreldwye Etiek en Voldoening kontak of dit deur die Uitpraat-blitslyn aanmeld;
- Nie probeer om dit self te ondersoek of te bedwing nie.

## Kunsmatige intelligensie

Die gebruik van kunsmatige intelligensie (KI)- en generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI)-tegnologieë kan nuwe besigheidsgeleenthede, doeltreffendheid en voordele ontsluit, maar kan ook nuwe risiko's bekendstel. Brambles is daartoe verbind om veilige, etiese en betroubare KI- en GenKI-tegnologieë te ontplooi en aan te wend, en om aan toepaslike wette en regulasies op hierdie gebied te voldoen. Vir meer inligting oor Brambles se GenKI-strategie, hoe om toegang tot KI- en GenKI-inisiatiewe te kry en hoe ons vertroulike inligting, insluitend persoonlike data, kan beveilig, besoek gerus Brambles se Generatiewe KI Sentrum van Uitnemendheid.

### Om te doen wat reg is … vir ons gaan alles oor voldoening

Ons kliënte en ons verskaffers vertrou ons met vertroulike inligting. Die beskerming van dié vertroulike inligting is 'n belangrike verantwoordelikheid en daarom moet ons seker maak om al die gepaste stappe te doen wanneer ons toegang tot vertroulike inligting verkry of dit gebruik.

## Rekordbestuur en regsbehoud

Elkeen van ons is verantwoordelik vir die integriteit van die rekords onder ons beheer. Jy moet die Wêreldwye rekordbehoudsbeleid en Skedule wat met die instandhouding, berging en wegdoening van rekords verband hou, ken en volg. Inligting wat moontlik vir 'n ondersoek, 'n oudit of 'n regsproses benodig word, moet nooit vernietig of verwyder word nie. As jy 'n regsbehoudkennisgewing ontvang, moet jy die instruksies volg, en as jy onseker is oor wat vereis word, gaan asseblief die Wêreldwye rekordbehoudsbeleid na of kontak enige spanlid van Regsdienste.

### Wat is 'n regsbehoud?

Wanneer ons redelikerwys regsverrigtinge te wagte is, kan jy deur die span van Regsdienste aangesê word dat dokumente – ongeag hul formaat – met betrekking tot die aangeleentheid of die ondersoek bewaar moet word. Nadat jy hiervan te hore kom, moet jy al die nodige stappe doen om te verseker dat hulle bewaar en nie vernietig word nie.

## Aandelehandel


Direkteure en werknemers moet nie Brambles-aandele koop of verkoop as hulle in besit is van pryssensitiewe inligting wat oor die algemeen nie aan die mark beskikbaar is nie. Dit beteken onder meer dat jy:

- Nooit Brambles-aandele moet koop of verkoop, hetsy direk of deur familielede of ander persone of entiteite, terwyl jy bewus is van pryssensitiewe inligting wat oor die algemeen nie aan die mark beskikbaar is nie en die prys van daardie aandele kan laat styg of daal nie; en
- Nooit moet aanbeveel of voorstel dat enigiemand anders Brambles-aandele moet koop of verkoop terwyl jy pryssensitiewe inligting het wat oor die algemeen nie aan die mark beskikbaar is nie en die prys van daardie aandele kan laat styg of daal nie.

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, verwys asseblief na Brambles se Beleid oor sekuriteiteverhandeling.

## Getroue en akkurate verslagdoening

Akkurate rekordhouding en -aantekening help ons om aan ons regs- en regulatoriese verpligtinge te voldoen en ons reputasie en geloofwaardigheid te handhaaf in die markte waarin ons werksaam is. Ongeag die rol wat ons beklee, het elkeen van ons 'n verantwoordelikheid om te verseker dat Brambles se besigheids- en finansiële rekords getrou, volledige, akkuraat en billik is.



# Ons kommunikeer op 'n verantwoordelike wyse: voortdurende bekendmaking en kommunikasie

Ons is daartoe verbind om seker te maak dat volledige, billike en akkurate inligting oor Brambles se sake op 'n tydige manier aan ons belanghebbendes beskikbaar gestel word en, in die besonder, om seker te maak dat die Australiese aandelemark behoorlik in kennis gestel word van enigiets wat waarskynlik 'n wesenlike invloed op Brambles se aandeelprys sal hê.

Soos uiteengesit in die Groepriglyne vir die aanmelding van ernstige voorvalle, moet ons bestuurders enigiets wat ernstig of onverwag is, by Brambles se leierskap aanmeld sodat hulle dan kan besluit wat gedoen moet word en kan bepaal of en hoe die inligting sowel intern as ekstern gekommunikeer moet word. Dit kan insluit:

- Noodlottigheid onder die werksmag, kontrakteurs of die publiek;
- Voorvalle wat lei tot (of potensieel kan lei tot) ernstige omgewingskade;
- Werklike of gepoogde omseiling van rekeningkundige beleide, interne rekeningkundige kontroles of ouditaangeleenthede, insluitend bedrieglike of opsetlike foute in die opstelling, evaluering, hersiening of oudit van Brambles se finansiële rekords of wanvoorstellings of vals verklarings oor aangeleenthede wat in Brambles se finansiële rekords, finansiële verslae of ouditverslae vervat is;
- Werklike of potensiële onwettige dade of beduidende bedrog of belangebotsings;
- Werklike of potensiële oortredings van die Amerikaanse Beleid oor Buitelandse Korrupte Praktyke, die Britse Wet op Omkopery, Australië se Strafkode of enige ander anti-omkopery- of korrupsieverwante wet; en
- Voorvalle wat lei tot (of potensieel kan lei tot) beduidende nadelige media- of openbare aandag, strafregtelike vervolging of aansienlike litigasie, beduidende operasionele staantyd of eiendomskade of finansiële aanspreeklikheid (ná versekering) van meer as GBP400,000; USD500,000; AUD1,000,000; of 600,000 euro.

Indien 'n probleem daarna verdwyn, soveel te beter, maar geen bestuurder moet daarmee sit en wag om te sien wat gebeur nie. Alle bestuurders sal waarskynlik op een of ander tydstip voor 'n ernstige of onverwagte kwessie te staan kom. Ongelukke gebeur, ten spyte van die beste beplanning. Brambles se leierskap moet nooit van analiste of die media of van 'n ander eksterne bron te hore kom van 'n ernstige en onverwagte kwessie waarvan 'n bestuurder geweet het nie.

Stel onmiddellik jou bestuurder in kennis as jy bewus is van 'n ernstige of beduidende en onverwagte voorval. Jou bestuurder sal verantwoordelik wees om die boodskap hoër te stuur.

Om seker te maak dat die regte inligting ekstern vrygestel word, is daar sekere mense by Brambles wat gemagtig is om openbare verklarings aan die media, beleggers en analiste te maak. Niemand anders moet met daardie eksterne partye kommunikeer nie. Openbare verklarings sluit kommunikasie via sosiale media of sosiale netwerktegnologieë in. Vir meer inligting oor Brambles se riglyne vir interne en eksterne kommunikasie, gaan asseblief Brambles se Beleid oor voortdurende bekendmaking en kommunikasie na.

Dit sal dalk nie nodig wees om alle ernstige voorvalle ekstern te rapporteer nie, maar dis 'n saak vir Brambles se leierskap om te besluit. Dit is ons almal by Brambles se verantwoordelikheid om die riglyne vir interne aanmelding te volg om seker te maak dat Brambles se leierskap sodra moontlik al die feite het wat hulle nodig het om 'n ingeligte besluit te neem.

**Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening**

Gebruik altyd 'n gesonde verstand wanneer daar besluit word of Brambles se leierskap bewus gemaak moet word van 'n kwessie. As daar twyfel is, meld dit eerder aan.

**Om te doen wat reg is ... vir ons gaan alles oor voldoening**

Gebruik sosiale media verstandig. Onthou, daar is geen ding soos 'n "vee uit"-knoppie nie. Vir meer inligting, hersien asseblief Brambles se Beleid oor sosiale media wat 'n uiteensetting van die belangrike beginsels en 'n lys van moets en moenies gee.



# Die beskerming van ons gemeenskappe

Ons erken ons verantwoordelikheid om besigheid te doen op 'n wyse wat die gemeenskappe waar ons woon en werk te beskerm en verbeter.

- Ons is omgewingsverantwoordelik
- Ons gee terug aan ons gemeenskappe
- Persoonlike politieke aktiwiteite
- Hersiening van die Kode



© Matthieu Rivart

# Ons is omgewingsverantwoordelik

Brambles is omgewingsverantwoordelik. Dit is duidelik sigbaar in ons verbintenis tot "Zero Harm" wat, soos hier bo uiteengesit, beteken dat ons daartoe verbind is om geen beserings, geen omgewingskade en geen nadele impak op menseregte te behaal, asook ons verbintenis tot volhoubaarheid. Die kern van ons volhoubaarheidsprogram is ons sirkulêre, "deel en herbruik"-model wat onder meer uitlatings, afval en die vraag na en gebruik van natuurlike hulpbronne verminder, in ons eie maatskappy én regoor die wêreld se voorsieningskettings waarin ons werksaam is. Ons doelwit is om innoverende, doeltreffende, veilige en volhoubare besigheidsoplossings ter ondersteuning van ons kliënte te verskaf. Om ons te help om ons verbintenisse na te kom, vra ons dat jy:

- Die "Zero Harm"-handves volg en pogings vir volhoubaarheid in die werkplek ondersteun;
- Jou gebruik van energie verminder en elektriese toerusting afskakel wanneer dit nie gebruik word nie;
- Die gebruik van kantoorprodukte verminder deur slegs die nodige te gebruik;
- Drukwerk of ander gebruik van papier minimeer;
- Die gebruik van energie minimeer en uitlatings en afval verminder; en
- Onvermybare afval verantwoordelik verwyder en altyd herwin waar dit moontlik is.

Vir meer inligting oor ons verbintenis tot die omgewing, sien asseblief Brambles se Omgewingsbeleid, wat wêreldwyd toegepas word, selfs in lande wat dalk nog nie verklaarde wette vir die beskerming van die omgewing het nie.



# Ons gee terug aan ons gemeenskappe

Gemeenskapsbetrokkenheid is 'n noodsaaklike deel van Brambles se missie, en dit is belangrik dat ons korporatiewe uitgawes met ons besigheidstrategieë ooreenstem. Korporatiewe betalings aan belastingvrygestelde organisasies moet hersien en verwerk word volgens plaaslike beleide en Brambles se Riglyn oor prosedures vir finansiële bydraes aan gemeenskapsorganisasies.

# Persoonlike politieke aktiwiteite

Brambles maak nie politieke skenkings nie.

As Brambles-werknemers staan dit ons nietemin vry om by persoonlike politieke aktiwiteit betrokke te raak, solank die aktiwiteit nie inmeng in die tydelike en bevredigende verrigting van jou werk by Brambles nie. Ons onderskei ons individuele optrede en menings van dié van Brambles en ons gebruik nie enige Brambles-bates of -hulpbronne om ons persoonlike politieke aktiwiteit te bevorder nie. Verder mag ons onder geen omstandighede ander Brambles-werknemers dwing of onder druk plaas om politieke skenkings of bydraes te maak nie.

# Hersiening van die Kode

Die Brambles-direksie sal minstens een keer per jaar hierdie Kode hersien om seker te maak dat dit op datum is en voortdurend die verwagtinge weerspieël van ons belanghebbendes en die gemeenskappe waarin ons werksaam is.